

## Maandag 4 Julie

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:6-20**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:8-9**

### **Hoe lyk die lewe van 'n evangelis dan? Hy of sy laat Christus se lig skyn!**

Ons het gister gehoor dat ons reeds evangeliste is deurdat ons in gehoorsaamheid aan God lewe en soos ligte in 'n donker wêreld skyn. Hoe lyk hierdie lewe waarin ons soos ligte skyn?

In ons teksverse vandag word hierdie evangeliserende lewe op baie praktiese wyse vir ons geleer. Dit is 'n lewe in die lig wat Christus vir ons gebring het! Die lig van die nuwe en ware lewe! Hierdie lewe staan in sterk kontras met die lewe in die donker van die "korrupte en ontaarde" wêreldse mense tussen wie ons leef. Dit verskil soos dag en nag! Dis 'n lewe waarin ek en jy:

- ons woorde en dade altyd eers toets aan die wil van die Here (vs 10);
- nie meedoen aan die donker dinge van hierdie wêreld nie, maar dit uitwys en afwys (vs 11-12);
- versigtig en verstandig elke geleentheid aangryp om Christus se lig te laat skyn; ons mag nie uit vrees of skaamte een geleentheid laat verbygaan om die wil van die Here bekend te maak nie (vs 13-16);
- ons nie aan drank oor gee en losbandig word nie (vs 18);
- ons deur die Heilige Gees laat vervul en voortdurend bid om die leiding van die Gees (vs 18b);
- met blydskap tot eer van die Here lewe (vs 19); en
- God dank vir ons nuwe lewe in Christus!

Kom ons bid vandag dat God ons so met sy Gees vervul en lei dat ons lewe waarlik helder kan skyn met Christus se lig! Dat ons lewe as evangeliste Hom aan die lig sal bring! Dat ons oral waar ons gaan en wat ons ook al doen, Christus se lig so laat skyn dat mense Hom kan sien en tot geloof in Hom kan kom!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3*

*Ds. P Venter (Piet) (Potchefstroom-Oos)*